

Boet Beertjie en Kinta Konyn is so dierbaar en sag 'n mens wil hulle net troetel. Ons gee die patrone en die aanwysings om hulle te maak

deur HENRIETTE LOUW

KINTA KONYN

BENODIGDEHEDE: Vir die lyf: 50cm vaal kortpoolsstof; 'n vierkantige stukkie van 10 cm, wit kortpoolsstof vir die stert (opsioneel); vierkantige stukkie van 15 cm vleiskleurige pienk vilt; 'n klein stukkie bruin vilt vir rugstuk van oë; 1 paar bruin veilige dieroë, 15 mm in deursnee; swart borduurwol; 'n vierkantige stukkie skuimrubber, 15 x 15 cm en 7 mm dik; kapok om mee op te stop; grafiekpapier met 2,5-cm-blokkies vir patrone; vlasgaring.

Vir die rokkie: 50 cm bedrukte katoen; 30 x 21 cm wit katoen vir die kraag; 3 klein drukknoopies; 3 klein knopies; skuinsband of 'n strokie materiaal om die hals mee om te boor.

Vir die onderrok: 66 x 18 cm effe katoen; smal rek.

Vir die voorskoot: Vierkantige stukkie wit katoen van 15 cm plus 'n strokie van 3,5 x 99 cm; 30 cm broderie anglaise, 1,5 cm breed, vir versiering; grafiekpapier met 2,5-cm-blokkies vir patrone; bypassende garing.

ALGEMENE INLIGTING

Om patrone te ontwerp: Volg diagram en teken buitelyne van patroononderdele op grafiekpapier na en merk nommers, pyltjies en stippellyne daarop. Knip patrone uit.

Uitknip van pelsstof: Plaas konyn- en beerpatroononderdele op verkeerde kant van pelsstof, speld vas en sorg dat pyltjies in dieselfde rigting as pelspool wys. Sorg ook

Sagte

dat daar genoeg ruimte vir al die onderdele, insluitende omgekeerde onderdele is. Gebruik 'n skerp skêr en pluus pelspool sodat dit nie kort geknip word nie.

Volg aanwysing op diagramme en knip elke onderdeel uit regte materiaal. Knip al die verskillende onderdele uit.

AANWYSINGS: Lyf, kop en bene: Laat 3-mm-nate deurgaans toe. Speld al die nate toe, werk met garing dubbel en agtersteek toe en werk nate van pelsstof oorhands om vir ekstra sterkte. Plaas pelskante opmekaar en werk binnebeen aan lyf van C tot B vas en van D tot E en los voetbasis en bokant van binnebeen oop. Heg voetbasis met C op C en D op D vas. Werk kop/agterinsetsel aan voorinsetsel met G op G vas. Laat op mekaar pas, speld en stik een rand van insetselstrook aan een lyfdeel vas, A, B, G, E, E. Herhaal met ander rand van lyf, maar

los X tot X oop en stik naat A tot F toe.

Arms: Laat op mekaar pas, speld vas en stik arms, pelskante opmekaar, maar los van X tot X oop. Dop om na regte kant en stop op. Werk opening met vlasgaring en dwarssteek toe. Werk armnaat van X tot X met dwarssteek aan lyf vas (plaas dit soos aangedui met stippellyn op diagram) en stik al langs weerskante van naat. Laat duime na bo wys. Laat ruim armbe-
weging toe.

Oë: Maak 'n gaatjie in rugstuk van oog en druk oogbalkie deur. Druk dit in kop en heg met wastertjie vas. Plaas rugstukkie van oë in regte posisie. Vangsteek rugstukke aan kop vas. Dop konyn na regte



speelgoed

kant om en stop op. Werk opening met vlasgaring en dwarssteek toe.

Ore: Ryg skuimrubberfatsoentjies aan verkeerde kant van twee pelsoordele vas en werk dan viltvoering aan regte kant van dieselfde oordele met deurdruksteek vas (plaas hulle soos stippellyn op diagram aandui). Trek rygdraad uit. Plaas hierdie oordele met regte kante opmekaar op ander dele. Speld en stik vas, maar los onderkant oop. Dop om na regte kant. Trek pelspool uit naat. Vou oorkruis by basis, hou in dié posisie vas en werk oor dan met dwarssteke aan kop vas deur aan albei kante van oorbasis te stik.

Snorbaard: Gebruik 'n enkele draad borduurwol en werk drie reguit steke aan elke kant van neus.

Mond: Werk 'n enkele horisontale steek wat 'n boog vorm.

Neus: Werk 'n reguit steek van middel van mond tot by A van insetsel. Volg insetsellyne en werk nog 'n V-vormige steek.

Stert (opsioneel): Gebruik vlasgaring en werk voorsteke rondom rand. Druk kapok in, trek draad styf om 'n pompon te vorm en heg stewig af. Werk met dwarssteke agter in middel net bokant B vas.

KLERE: Onderrok: Soom een lang kant en twee kort kante smal om. Soom ander lang kant (bokant) breër om en los kante oop.

Ryg smal rek, wat om middel pas, deur, en werk punte aan mekaar vas. Vou kort sykante oormekaar (vir middelagter), stik onderste deel toe en los 'n opening vir stert (indien daar een is).

Rok: Stik skouernate met rolinate toe. Vou middelloos van lyfie oorkruis van A tot B. Maak 'n skynopening en stik af tot by middel. Werk drie knopies ewe ver van mekaar — die boonste een net onder hals. Soom middelagterrande ongeveer 1 cm breed om. Werk mounate met rolinate toe.

Plooi boonste rande in soos gemerk, om in mousgate te pas. Pars. Stik moue in mousgate vas. Werk moukoppate netjies oorhands om. Soom onderrand en kort kante van romp om.


Plooi bokant in, stik aan lyfie vas met regte kante opmekaar, en stik 1 cm van rand af.

na binne om. Werk drie drukknoopies by rugopening vas. Laat romprande mekaar agter oorvleuel en stik met 'n platnaat toe om ooreen te stem met opening vir stert (indien nodig).

Voorskoot: Soom ronding met 'n enkele soompie om en ryg vas. Speld broderie

PATROON VIR KONYN

ROKKROMP: Knip strook van 20 x 91 cm uit bedrukte katoen.
ONDERROK: knip strook van 18 x 66 cm uit effe katoen.



Knip ingeplooi rand gelyk, vou om en stik plat of werk netjies oorhands om. Stik kraagdele aanmekaar, laat 3 mm toe vir naat en laat halsrand oop. Dop na regte kant om en pars. Ryg in posisie aan regte kant van rok vas. Stik skuinsband oor kraag, vou na regte kant om, stik vas en vou punte netjies

anglaise aan onderkant van geronde rand vas en stik vas. Trek ryggrade uit. Soom band met 'n dubbele soompie om. Plaas band in posisie op bokant van voorskoot met regte kante opmekaar en middelpunt op middelpunt. Stik vas. Vou band na verkeerde kant om en vangsteek vas. Pars.

BOET BEERTJIE

BENODIGDEHEDE: Lyf: 50 cm bruin kortpooelstof; 'n vierkantige stukkie bruin vilt van 15 cm en effens donkerder van kleur; 1 paar bruin, veilige dieroë, 15 mm in deursnee; swart borduurwol; 'n stuk skuimrubber, 18 x 13 cm en 7 mm dik; kapok om mee op te stop; grafiekpapier met 2,5-cm-blokkies vir patrone; vlasgaring.

Skouerbroek: 50 cm rooi katoen (of enige ander kleur); klein stukkie gekleurde katoen vir laslap; 2 klein knopies; 2 klein drukknoopies.

Hemp: 20 x 90 cm rooi-en-wit gestreepte materiaal (of enige ander kleur); 3 klein drukknoopies; grafiekpapier met 2,5-cm-blokkies; bypassende garing.

L.W.: Aanwysings om patrone te ontwerp en materiaal uit te knip, verskyn onder algemene inligting vir konyn.

AANWYSINGS: Vir lyf, kop en bene:

Laat deurgaans 3 mm toe vir nate. Speld alle nate, werk toe met agtersteek met garing dubbel en werk pelsnate oorhands om vir ekstra sterkte.

Plaas pelskante opmekaar en stik binne aan lyf vas van C tot B en D tot E, maar los onderkant van poot en bokant van been oop. Werk viltvoetsool met dwarssteke in middel aan pelskant van pootbasis vas. Steek in been en stik sodat C op C pas en D op D.

Werk voorinsetsel en kop/agterinsetsel met G op G aanmekaar. Laat opmekaar pas, speld en stik een rand van insetselstrook aan een lyfdeel vas, A, B, G, E, F. Herhaal met ander rand en lyf en los X tot X oop vir stopsel.

Vou neus dubbel met pelskante opmekaar en stik naat van J tot H toe. Druk neus in kop, pelskant na binne, speld vas en stik sodat kop en neus by H ooreenstem. Dop beer na regte kant om.

Oë: Met borduurwol dubbel, werk 'n enkele

reguit steek van naatlyn by A tot onderkant oogposisie (kyk merktekens op patroon). Druk oë in. Stop lyf, ens. baie styf op. Werk opening met vlasgaring en dwarssteek toe. Trek pool by al die nate uit.

Arms: Werk viltvoetsooltjies aan pelskant van twee (teenoorgestelde) arms met dwarssteek vas soos met stippellyne aangedui op diagram. Laat op mekaar pas, speld en stik arms vas en laat van X tot X oop. Dop na regte kant om en stop op. Werk opening met vlasgaring en dwarssteek toe. Trek pool uit nate. Werk armnaat van X tot X met dwarssteek aan lyf vas (plaas soos stippellyn op diagram aandui) met duime na bo en pootsole na vore en stik aan weerskante van armnaat.

Ore: Ryg skuimrubberfatsoentjies in middel aan verkeerde kant van pels-ore vas. Speld en werk met dwarssteek viltvoering aan regte kant opmekaar, speld vas en stik rondom geronde rande. Dop om na regte

Sagte speelgoed

VAN BLADSY 105


kant. Werk met dwarssteek aan kop vas sodat viltvoering na vore wys en stik langs albei kante van oorbasis.

Neus: Met borduurwol dubbel borduur 'n satynsteekneus, ongeveer 1,5 cm breed en 2,5 cm oorlangs met borand by J gesentreer.

Mond: Werk 'n enkele reguit steek van wang tot wang en vangsteek dit in middel afwaarts om 'n glimlag te vorm. Werk van hierdie punt af 'n tweede

terrande mekaar oorvleuel en werk drie drukknoopies by opening aan.

Skouerbroek: Stik sy- en binnebeennate en middelvoor- en agternate smal toe. Soom onderrande van broekspyp om. Soom borand (middel) netjies om. Pars. Vou borsstuk dubbel en stik synate toe. Pars. Dop na regte kant om en pars. Vou onderste rande van borsstuk na binne om en glipsteek netjies op mekaar vas. Pars. Werk aan



reguit steek tot by middel van neusbasis. Trek pool uit al die nate.

KLERE: Hemp: Stik skouernate met smal rolmaatjies toe. Soom onderrand en hals met smal dubbele soompies om. Soom agterrande 10 mm breed om. Soom moue met dubbele soompies om en werk nate met rolmate toe. Dop om na regte kant. Stik moue in mousgate vas. Werk rafelrande van moukoppe oorhands om. Laat ag-

verkeerde kant van middeltjie aan voorkant van broek vas. Pars. Vou skouerbande oorlangs dubbel en stik al langs een kort en lang kant. Dop na regte kant om en pars. Werk een punt aan borand van borsstuk vas en werk knopies bo-op vas. Kruis bande aan agterkant en werk drukknoopies aan punte van bande en aan binnekant by middel vas om ooreen te stem. Knip laslap met 'n uittandskêr en werk dit op broekspyp vas.



Binnekort Moeders

Wat elke aanstaande moeder behoort te weet omtrent 'Vaseline Wit Petroleum jellie.

Jy gaan binnekort 'n nuwe baba versorg. Maak seker jy gee hom die allerbeste beskerming teen luierruitslag. Met ander woorde suiwer, sagte Vaseline Wit Petroleum jellie. Vaseline voorkom luierruitslag deur 'n waterdigte laag tussen die vel en nat doek te vorm.

Vryf Vaseline aan baba se boudjies elke keer as jy 'n skoon doek aansit — dit sal hom gerieflik en goed beskerm hou totdat jy weer doeke ruil.



***Vaseline Wit Petroleum jellie. Beproof en vertrou deur moeders vir meer as 100 jaar.**

*Chesebrough Ponds Inc. is die eienaar van die geregistreerde handelsmerk "Vaseline."